

HOOFSTUK 3

'n GEDAGTESTRUKTUUR VAN 2 PETRUS

In hoofstuk 2 is aangetoon dat dit by die bepaling van die gedagtestruktuur van 2 Petrus van belang sal wees om aandag te skenk aan die feit dat 2 Petrus tot die brief- en testamentgenre behoort (vergelyk hoofstuk 2 punt 7.1). Dit het verder uit hoofstuk 2 van hierdie studie geblyk nodig te wees om in ag te neem dat 1:3-11 'n Joodse preekvorm vertoon (vergelyk hoofstuk 2 punt 7.1). In die lig hiervan word die aanduidings van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus in hierdie hoofstuk eerstens beoordeel teen die agtergrond van die antieke briefvorm, tweedens teen die agtergrond van die antieke testamentgenre wat in die Ou-Testamentiese en Joods-Hellenistiese geskrifte voorkom. Derdens word aandag gegee aan die Hellenisties-Joodse preekvorm wat 1:3-11 vertoon.

Die feit dat Petrus in hoofstuk 2 en 3 telkens na die Ou Testament verwys (vergelyk hoofstuk 2 punt 5.2), kan moontlik ook van hulp wees in die bepaling van 'n gedagtestruktuur. Daar word daarom in die vierde plek aandag gegee aan die verwysings na die Ou Testament in 2 Petrus.

Nida *et al.* (1983:7) stel dat retoriek in die Nuwe-Testamentiese tyd so 'n fundamentele aspek van alle opvoedingsvlakke was dat effektiewe taalgebruik eintlik as vanselfsprekend vir enige persoon met literêre opleiding sou wees. Hulle (1983:9-13) toon ook aan dat die Nuwe Testament die klem weerspieël wat in die Hellenistiese wêreld op retoriek geplaas is. In die vyfde plek word daarom bepaal watter aanduidings die gebruikmaking van die antieke retorika in die brief vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur bied.

Nadat al bogenoemde aanduidings ondersoek is, word 'n uiteensetting van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus gegee.

Ten slotte word ondersoek ingestel na woorde waarin die kenmotief moontlik na vore tree en word die voorkoms daarvan in die onderskeie gedagte-eenhede aangedui.

1. Die antieke Griekse briefvorm

Om te bepaal watter aanduiding die ooreenkomste tussen 2 Petrus en die antieke Griekse briefvorm vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur gee, word die kenmerke van die antieke Griekse briefvorm eerstens nagegaan en daarna word die aanduidings van die Griekse briefvorm by Petrus ondersoek.

1.1 Kenmerke van die antieke Griekse brief

Die antieke Griekse brief het vir baie eeue voor Christus en na Christus 'n vaste vorm van drie dele gehad, te wete die aanhef (*praescriptum*), die liggaam en die slot (Aune, 1987: 163; Dahl, 1976:538-541; Doty, 1983:14; Kim, 1972:10-12, Stowers, 1986:20).

In die *praescriptum* is die afsender (*superscriptum*) in die nominatief en die geadresseerdes (*adscriptum*) in die datief bekend gemaak (Aune, 1987:163). Die skrywer het die geadresseerdes in die aanhef $\chi\alpha\acute{\iota}\rho\epsilon\iota\nu$ (*salutatem*) toegewens (Exler, 1923:60-68). Die *superscriptum* en *adscriptum* kon uitgebrei word deur allerlei besonderhede by te voeg (Kim, 1972:12-16). 'n Gesondheidswens (*formula valetudinis*) het dikwels die *praescriptum* gevolg - 'n wens wat sintakties aan die *praescriptum* gekoppel kon word (Aune, 1987:164; Doty, 1983:13-14; Kim, 1972:24-25). Du Toit (1984:7) noem dat die *formula valetudinis* ook kon bestaan uit dankbetuigings teenoor die gode vir die leser se gesondheid, of vir uitredding uit gevaar, of, in die Romeinse tydvak, 'n versekering van voorbidding by die gode.

Die liggaam-gedeelte van die brief kan verdeel word in drie dele: die aanloop tot die hoofbetoog, die hoofbetoog en die afloop van die hoofbetoog (Du Toit, 1984:6; White, 1972:1).

White (1972:2-17) toon aan dat skrywers dikwels van oorgangspatrone ("transitional devices") gebruik gemaak het by die oorgang van die aanhef na die aanloop tot die hoofbetoog, en van die aanloop tot die hoofbetoog na die hoofbetoog, en van die hoofbetoog na die afloop van die hoofbetoog.

Volgens White (1972:2-17) het skrywers dikwels vaste formules ("formuliac") as oorgangspatrone gebruik. Hy noem egter dat skrywers ook van oorgangspatrone gebruik maak wat nie as vaste formules geïdentifiseer kan word nie ("non-formuliac").

Hy gee die volgende voorbeelde van vaste formules:

- * *Bekendmakingsformules*: Hierdie formule bevat die skrywer se begeerte of bevel dat die geadresseerde iets moet weet.
- * *Uitdrukkings van versekering*: In hierdie formule kan die skrywer die leser byvoorbeeld van sy eie welsyn of sy goeie trou verseker.
- * *Stellings wat verantwoordelikheid impliseer*: In hierdie oorgangspatroon roep die skrywer die leser op om besorg te wees oor, en nie nalatig te wees met betrekking tot iets wat in die brief vermeld word nie.

- * *Uitdrukkinge wat hartseer of angs uitdruk:* Deur hierdie formules bring die skrywer sy hartseer of angs tot uitdrukking.

White (1972:10-17) noem die volgende oorgangspatrone wat nie as vaste formules in die briewe figureer nie:

- * *Ontvangs- en oordragstellings:* In hierdie oorgangspatroun gee die skrywer kennis van die ontvang of oordrag van goedere.
- * *Verwysings na "skrywe":* Die skrywer kan in hierdie oorgangspatroun die leser oproep om aan hom te skrywe of hy kan verwys na die feit dat hy aan die leser, of die leser aan hom geskryf het.
- * *Grammatiese konstruksies:* Sekere grammatiese konstruksies soos voorwaardelike sinne, die vokatief en sinne waar περί saam met die genitief gebruik is, kan as oorgangspatrone gebruik word.

White (1972:17-41) toon verder aan dat sekere oorgangspatrone gekoppel is aan spesifieke dele van die brief - die aanhef, liggaam of die slot. Hierdie oorgangspatrone word nie in hierdie punt bespreek nie, maar word in die ondersoek na aanduidings van die Griekse briefvorm by 2 Petrus (punt 1.2) in berekening gebring en in meer besonderhede bespreek.

Die slotgedeelte van die brief is dikwels gekenmerk deur die werkwoord ῥωννομαι (Koskenniemi, 1956:151). Ander briewe is gekenmerk deurdat hulle met die werkwoord εὐτόχει eindig. In die eerste eeu na Christus word die εὐτόχει dikwels vervang met διευτόχει. In baie briewe in hierdie tyd is die groetformule egter heeltemal weggelaat (Exler, 1923:69-77).

1.2 Aanduidings van die antieke Griekse briefvorm by 2 Petrus

1.2.1 Aanduidings van 'n *praescriptum* by 2 Petrus

Wanneer die eerste verse van 2 Petrus met die *praescriptum* van die antieke Griekse brief vergelyk word, is die ooreenkomste baie opvallend. Die skrywer stel in die nominatief wie die afsender is en in die datief wie die geadresseerde is. Die woorde χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη πληθυνθείη ἐν ἐπιγνώσει τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου ἡμῶν dien as die *salutio*. Hierdie vergelyking gee dus 'n duidelike aanduiding dat 1:1-2 as die *praescriptum* van die brief beskou kan word.

1.2.2 Aanduidings van 'n briefslot by 2 Petrus

In 2 Petrus kom geen formules aan die einde van die brief voor wat met die slot van die antieke Griekse brief ooreenkom nie. Soos by baie van die antieke briewe (vergelyk punt 1.1) is "groete" aan die geadresseerdes weggelaat en in die plek daarvan 'n lofprysing aangebied.

1.2.3 Aanduidings van 'n brieffliggaam by 2 Petrus

1.2.3.1 Aanloop tot die hoofbetoog

Dit wil voorkom of Petrus die gedeelte 1:12-15 as die aanloop tot die hoofbetoog gebruik. White (1972:2,18) bevind in sy ondersoek na die Griekse briefvorm dat die oorgang van die *praescritum* na die aanloop tot die hoofbetoog dikwels gedoen word deur 'n vaste formule (die bekendmakingsformule) waarin die skrywer sy begeerte uitspreek dat die geadresseerdes iets moet weet.

Petrus gebruik waarskynlik hierdie formule wanneer hy in 1:12-15 beklemtoon dat hy die lesers aan iets wil herinner. Dit wil dus voorkom of hierdie woorde as inleidingsformule vir die aanloop tot die hoofbetoog dien. Hierdie aanname word ook bevestig wanneer gelet word op die plek wat die aanloop tot die hoofbetoog in die antieke brief ingeneem het. White (1972:18-19) toon aan dat die aanloop tot die hoofbetoog normaalweg in die Griekse brief gebruik word om die "principal occasion for the letter" aan te dui. Petrus stel uitdruklik in 1:12-15 dat sy oogmerk met die brief is om die lesers te herinner (1:12), hulle deur herinnering op te wek (1:13) en dat hy wil hê dat hulle sekere dinge in gedagtenis sal hou (1:15).

1:12-15 kan dus beskou word as die aanloop tot die hoofbetoog van die brieffliggaam.

1.2.3.2 Afloop van die hoofbetoog

In die antieke Griekse briefvorm dui die bekendmakingsformule ook die afloop van die hoofbetoog aan. Anders as by die aanloop tot die hoofbetoog, wys die skrywer met die inligtingsformule op inligting wat reeds bekend gemaak is (White 1972:26-27).

In die brief word die bekendmakingsformule saam met ἀγαπητοί in 3:1 gebruik. Hierdie struktureeringswyse gee 'n moontlike aanduiding dat die afloop van die brief in 3:1 begin.

'n Belangrike kenmerk van die afloop van die hoofbetoog in die antieke Griekse briefvorm is egter uitdrukkings wat die verantwoordelikheid van die leser beklemtoon (White, 1972:28). Dit gee 'n aanduiding dat Petrus nie in 3:1 met die afloop van die hoofbetoog begin nie, maar wel in 3:17. In 3:17 word die bekendmakingsformule gebruik en uitdruklik gewys op inligting waarvan die lesers nou weet en hulle verantwoordelikheid in die lig daarvan. Die

gebruik van die vokatief ἀγαπητοί in 3:17 bevestig ook dat Petrus in hierdie vers met die afloop van die hoofbetoog begin (vergelyk White, 1972:15-17).

1.2.3.3 Die hoofbetoog

Op grond van hierdie bevindings blyk dit dat die hoofbetoog van die briefliggaam vanaf 1:16-3:16 strek. In die Griekse briefvorm van destyds is binne die hoofbetoog ook gebruik gemaak van sekere oorgangspatrone om die leser in staat te stel om die gedagtegang van die skrywer te volg.

White (1972:31-32, 102) maak dit egter duidelik dat die waarde van die oorgangspatrone in die hoofbetoog moeilik bepaal word, aangesien dieselfde formules in die hoofbetoog soms 'n aanduiding is van groot oorgange na nuwe onderwerpe en soms slegs van kleiner oorgange. Die patrone gee dus 'n aanduiding van 'n oorgang, maar dit moet egter uit verdere gegewens bepaal word watter waarde daaraan geheg moet word.

Petrus gebruik 'n hele aantal oorgangspatrone in die hoofbetoog. Hy gebruik drie keer die vokatief ἀγαπητοί in die hoofbetoog: 3:1, 8, 14. Die vokatief gee 'n sterk aanduiding van oorgange in 'n skrywe (vergelyk punt 1.1 en White, 1972:15-17) en die bedoeling van Petrus met die gebruik van die vokatief sal dus saam met ander gegewens geweeg moet word om 'n gedagtestruktuur van die brief te bepaal.

White (1972:32) stel dat die bekendmakingsformule 'n aanduiding gee van 'n belangrike oorgang na 'n nuwe onderwerp binne die hoofbetoog (vergelyk ook punt 1.1). In 2 Petrus word hierdie formule in 3:1 gevind. Die voorkoms van hierdie formule gee dus 'n belangrike aanduiding van 'n oorgang na 'n nuwe gedagte binne die hoofbetoog.

'n Verdere aanduiding van 'n belangrike oorgang na 'n nuwe onderwerp binne die hoofbetoog is wanneer die skrywer na 'n skrywe verwys (vergelyk punt 1.1 en White, 1972:33). In die derde hoofstuk van 2 Petrus word sodanige stereotiepe verwysing gevind. Petrus sê in 3:1 dat dit reeds die tweede brief is wat hy aan die lesers skryf. Wanneer in ag geneem word dat daar in hierdie vers ook 'n bekendmakingsformule, asook die vokatief ἀγαπητοί voorkom, is dit duidelik dat die skrywer in 3:1 'n belangrike oorgang maak na 'n nuwe onderwerp binne die hoofbetoog.

Stellings waarin die geadresseerdes opgeroep word om besorg te wees, of nie nalatig te wees in verband met iets wat in die brief gestel is nie, dui dikwels in die liggaam van die brief op 'n oorgang na 'n nuwe gedagte-eenheid (White, 1972:7-8). Petrus roep in die brief telkens sy lesers op tot sorgsaamheid en waarsku teen nalatigheid oor dit waaroor hy aan hulle skryf. Hierdie oproep blyk uit die volgende aanhalings:

"... waarop julle tog moet ag gee" (1:19),
 "... terwyl julle veral dit moet weet" (1:20),
 "Dit moet julle veral weet ..." (3:3),
 "... laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie ..." (3:8),
 "... hoedanig moet julle nie wees in ..." (3:11),
 "... beywer julle dat julle ..." (3:14),
 "ag die lankmoedigheid ..." (3:15).

Hoewel Petrus nie, soos die antieke Griekse briewe meestal doen (White, 1972:7), in hierdie stellings die werkwoord μέλλω gebruik nie, wil dit tog voorkom of hierdie stellings ook die sogenaamde "responsibility statements" is en moontlik dui op oorgange binne die hoofliggaam van die brief.

Die gebruik van die tandem-verbinding καὶ δὲ in die hoofliggaam is 'n karakteristieke verskynsel in die hoofliggaam van die antieke Griekse brief (White, 1972:36). Καὶ δέ kan deur die skrywer gebruik word om sy lesers se aandag te vestig op 'n nuwe onderwerp of 'n nuwe fase in die onderwerp waarvoor hy besig is om te skryf. In 2 Petrus word δέ καὶ in 2:1 gebruik en dit is dus moontlik dat Petrus daarmee 'n nuwe onderwerp of 'n nuwe fase van die onderwerp wat hy reeds aan die orde gestel het, aandui.

1.2.4 Aanduidings van die *formula valetudinis*

Soos in punt 1.1 aangetoon, word die *formula valetudinis* in die Griekse brief sintakties met die praescriptum gekoppel. Dit blyk dat Petrus ook die gedeelte 1:3-11 met die praescriptum koppel deur 1:3 met ὡς in te lei (vergelyk Bauckham, 1983:173). Die inhoud van die gedeelte 1:3-11 toon egter nie werklik ooreenkomste met die *formula valetudinis* soos dit in die antieke Griekse brief voorgekom het nie. Dit blyk dat Petrus die *formula valetudinis* volgens eie behoefte aangepas het.

1.3 Die ooreenkomste tussen 2 Petrus en die Griekse briefvorm

Uit voorgaande studie is dit duidelik dat 2 Petrus duidelike ooreenkomste vertoon met die Griekse briefvorm. Die volgende indeling kan op grond van hierdie ooreenkomste gemaak word:

1:1-2	<i>Praescriptum</i>
1:3-11	<i>Formula valetudinis</i>
1:12-15	Aanloop tot die hoofbetoog
1:16-3:16	Hoofbetoog
3:17-18a	Afloop van die betoog

Binne die hoofbetoog (1:16-3:16) word die volgende aanduidings van oorgange na nuwe gedagte-eenhede gevind:

1:19	Stelling wat besorgdheid impliseer
1:20	Stelling wat besorgdheid impliseer
2:1	Tandem-verbinding δὲ καὶ
3:1	Vokatief
3:1-2	Bekendmakingsformule
3:1-2	Stereotiepe verwysing na 'n skrywe
3:3	Stelling wat besorgdheid impliseer
3:8	Vokatief
3:8	Stelling wat besorgdheid impliseer
3:11	Stelling wat besorgdheid impliseer
3:14	Vokatief
3:14	Stelling wat besorgdheid impliseer
3:15	Stelling wat besorgdheid impliseer

1.4 Aanduidings van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus

Die indeling van 2 Petrus wat in punt 1.3 gemaak is, sal beslis in ag geneem moet word om 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus te bepaal.

Dit is duidelik dat die aanduidings van oorgange na nuwe gedagte-eenhede, soos in punt 1.3 gestel, van hulp kan wees om 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus te bepaal.

2. Die antieke testamentgenre

Om 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus teen die agtergrond van die antieke testamentgenre te beoordeel word die eienskappe van die testamentgenre bestudeer en daarna word bepaal watter eienskappe van die testamentgenre by 2 Petrus teenwoordig is en watter aanduidings dit gee vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur. Ten slotte word uit die voorgaande studie, in die lig van die testamentiese aard van 2 Petrus, 'n ontleding gegee van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus.

2.1 Eienskappe van die testamentgenre

Uit studies van Collins (1984i:93-112 en 1986:268-286), Kolenkow (1986:259-266) en Kurz (1985:251-268) is dit duidelik dat die testamentgenre sekere eienskappe vertoon. Die

belangrikste eienskappe wat vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus van belang mag wees, is die volgende:

2.1.1 Aankondiging van die spreker se dood

Insake die aankondiging van die spreker se dood, skryf Collins (1984ii:325) die volgende: "The most fundamental defining characteristic of a testament is that it is a discourse delivered in anticipation of immanent death" (vergelyk ook Stauffer, 1948:29 en Kurz, 1990:19). Dat hierdie stelling van Collins gegrond is, blyk uit Skrifgedeeltes soos Genesis 49, Deuternomium 31-34, Josua 23-24, 1 Konings 2:1-9, Lukas 22, Johannes 13-14, Johannes 15-17 en Handeling 20 wat reeds deur skrywers (vergelyk onder andere Bammel, 1992:1-3; Kurz, 1990:9-32) geïdentifiseer is as gedeeltes wat tot die testamentgenre behoort. In al hierdie gedeeltes word die spreker se woorde in die konteks van sy naderende dood geplaas (vergelyk Genesis 49:29-32; Deuternomium 31:2; Josua 23:2; 1 Konings 2:1; Lukas 22:16; Johannes 13:1-3; Johannes 16:5-7, 16, 28).

2.1.2 Toekomsgerigte openbarings

De Jonge (1991:157) wys in 'n studie oor die Testamente van die Twaalf aartsvaders, dat daar in al die testamente openbarings met betrekking tot die toekoms voorkom. Ook Kurz (1990:21) beklemtoon die plek wat openbarings in gedeeltes soos Genesis 49; Deuternomium 31-33; Handeling 20; Lukas 22; Johannes 13-17 inneem.

Dit is duidelik uit genoemde gedeeltes dat openbarings met betrekking tot die toekoms 'n belangrike eienskap van die testamentgenre is.

2.1.3 Etiese aanmoedigings

Hoewel daar, soos Kolenkow (1975:59) stel, in Ou Testamentiese gedeeltes soos Genesis 27:27 en 49, wat as testamente beskou kan word, "little interest in ethical teaching" is, word dit tog duidelik uit die Testamente van die Aartsvaders (1978:1-180), dat etiese aanmoedigings nie 'n ondergeskikte plek in ander testamente ingeneem het nie. In die Testament van Ruben neem die aanmoediging tot 'n rein lewe 'n belangrik plek in. In die Testament van Gad word besondere deugde sterk op die voorgrond geplaas. Die opdrag om mekaar se voete te was, word byvoorbeeld ook in Johannes 13:13-15 beklemtoon.

Dit word dus duidelik dat etiese aanmoedigings een van die eienskappe van die testamentgenre is.

2.1.4 Die basis van openbarings van die toekoms

Kolenkow (1975:61-64) toon uit 1 Henog 91-94, die lewe van Adam en Eva 25-29 en die Testament van Levi dat "in the Hellenistic era, the literary genre of patriarchal blessing would seem to have been enlarged by visions or trips to heaven which give rationale for revelation of the future as a basis for choice of the righteousness".

Hierdie funderingwyse van voorspellings het dus in die Hellenistiese era deel geword van die testamentgenre.

2.1.5 'n Opsomming van die leer van die persoon wat die testament nalaat

In sowel 4 Esra 14:28-36 (1916:57) as die Handeling van Johannes (1974:76-77), wat albei tot die testamentgenre behoort (Bauckham, 1983:173), word 'n opsomming gevind van die leer van die persoon wat die testament nalaat. Bauckham (1983:173) stel van hierdie testamente dat daarna gestreef word "to encapsulate the essence of each teacher's message as he intended it to be remembered after his death".

Daar kan dus aanvaar word dat daar in die literêre testamente opsommings van die leer van die persoon wat die testament nalaat, gevind word.

2.2 Elemente van die testamentgenre in 2 Petrus en die riglyne daarvan vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur

2.2.1 Aankondiging van die spreker se dood in 2 Petrus

Soos reeds gestel (vergelyk hoofstuk 2 punt 1.2), plaas die skrywer in 1:13-14 dit wat hy skryf in die konteks van sy naderende dood. Dit is duidelik dat die gedeelte vanaf 1:12-15 'n gedagte-eenheid vorm waarin die skrywer sy dood aankondig en dit as rede aanvoer waarom hy nie sal nalaat om die lesers aan sekere dinge te herinner nie (1:12), dat hy hulle deur herinnering sal opwek (1:13) en dat hy hom sal beywer dat hulle sekere dinge in gedagtenis sal hou (1:15).

Hoewel die skrywer in die hele gedeelte van 1:12-15 klem laat val op sy naderende dood, sluit hy in die gedeelte ook aan by die voorafgaande en opvolgende gedeeltes. In 1:15 verwys hy duidelik na dit wat hy in 1:3-11 gestel het deur die gebruik van *περὶ τούτων*. Wanneer hy in 1:15 die tyd ná sy heengaan ter sprake bring, kan afgelei word dat hy daarmee ook die tyd wanneer die valse leraars sal kom, aan die orde stel. Hy maak immers in 2:1-3 duidelik dat die valse leraars in die *toekoms* sal kom (vergelyk hoofstuk 2 punt 2.10).

Dit blyk dat die gedeelte 3:1-2 'n gedagte-eenheid vorm waarin die skrywer, in aansluiting by 1:12-15, die doel van die brief beklemtoon. Wanneer die skrywer, direk nadat hy die doel van die skrywe in 3:1-2 gestel het, bekend maak dat daar in die toekoms spotters sal kom (vergelyk punt 2.1.2), is dit duidelik dat 3:1-2 teen die agtergrond van die koms van hierdie spotters verstaan moet word.

2.2.2 Opsomming van die spreker/skrywer se leer

Soos in die ander testamentgeskrifte die geval is (vergelyk 2.1.5) gee Petrus ook 'n opsomming van sy leer in 1:3-11. Dat hy dit wel as 'n opsomming van sy leer bedoel, blyk daaruit dat hy in 1:12 na hierdie gedeelte terugverwys, wanneer hy sê dat hy hulle aan hierdie dinge (τούτων) sal herinner. Τούτων in 1:12 verwys klaarblyklik na 1:3-11 (vergelyk hoofstuk 6 punt 1.2.3.1 waar hierdie saak volledig beredeneer word).

Daar is reeds in hoofstuk 2 punt 1.4 daarop gewys dat die skrywer hierdie gedeelte gestruktureer het volgens 'n vaste homiletiese patroon wat in die Joodse en vroeg-Christelike literatuur voorgekom het. Ook in hierdie opsig vertoon dit 'n ooreenkoms met ander literatuur wat tot die testamentgenre behoort, byvoorbeeld Esra 4 en die Handeling van Johannes (vergelyk Bauckham, 1983:173).

2.2.3 Toekomsopenbarings in 2 Petrus

Soos in ander geestelike testamente (vergelyk punt 2.1.3), word daar in 2 Petrus ook gehandel oor dinge wat in die toekoms gaan gebeur. In 2:1-3a en 3:3-4 waarsku Petrus teen die valse leraars wat in die toekoms sal kom en in 3:3-4 teen die spotters wat sal kom.

Petrus handel ook oor die toekoms wanneer hy eskatologiese gebeure in die brief aan die orde stel. Wanneer hy in 2:9 stel dat God weet om die vromes uit versoeking te red en die onregverdiges te bewaar, is dit duidelik uit die voorbeelde van vromes wat gered is en goddeloses wat vir die oordeel bewaar is, dat hy oor die Here se toekomstige optrede handel (2:3-8). Petrus maak aan die lesers bekend hoe die Here in die toekoms teenoor vromes en onregverdiges gaan optree.

Dit blyk dat Petrus, nadat hy bekend gemaak het dat die valse leraars kom en wat met hulle gaan gebeur, aan die lesers meer inligting oor hulle in 2:10b-22 gee en dat hierdie gedeelte as 'n uitbreiding beskou kan word op dit wat die skrywer oor die toekoms bekend gemaak het.

Dit is duidelik dat Petrus ook in 3:7-13 feite aangaande die eskatologie aan die lesers bekend maak. Hy hou aan hulle feite voor aangaande die verwoestende oordeel wat kom (3:7, 10, 12) en die toekomstige nuwe hemel en aarde (3:13).

Wanneer die skrywer aan die einde van die brief (3:17) vir die lesers sê "noudat julle dit dan vooruit weet ...", is dit duidelik dat hy hom in die brief ten doel gestel het om aan die lesers sekere dinge bekend te maak wat in die toekoms gaan gebeur.

2.2.4 Fundering van toekomsopenbarings in 2 Petrus

Wanneer 2 Petrus nader bestudeer word, is dit duidelik dat Petrus, wanneer hy aan die lesers bekend maak wat in die toekoms gaan gebeur, dit op twee wyses fundeer.

In die eerste plek sluit hy aan by die wyse waarop die testamente in die Hellenistiese era gefundeer is (vergelyk punt 2.1.4) deur in 1:16 op die feit te wys dat hy en die ander twee apostels Jesus Christus se heerlikheid aanskou het. Dit is opmerklik hoe Petrus in 1:17 beklemtoon dat Jesus heerlikheid uit die *hemel* ontvang het en in 1:18 dat hulle die stem, wat Jesus as die geliefde Seun van God geïdentifiseer het, uit die *hemel* gehoor het.

In die tweede plek fundeer Petrus dit wat hy aangaande die toekoms bekend maak ook op die "profetiese woord". Dit blyk uit die feit dat hy in 1:19 sê: "En ons het die profetiese woord wat baie vas is." (Vergelyk hoofstuk 7 punt 3.3.4.2 waar meer volledig aangetoon word dat Petrus die profetiese woord as fundering gebruik.)

Wanneer Petrus in 2:9-10a oor die Here se verlossing en oordeel in die eindtyd handel, fundeer hy dit op Ou-Testamentiese gegewens in 2:4-8. Hierdie Ou-Testamentiese fundering word duidelik wanneer hy aan die lesers Ou-Testamentiese voorbeelde voorhou waarin God oordelend opgetree het teenoor goddeloses (die engele, die ou wêreld en Sodom en Gomorra) en reddend teenoor vromes (Noag en Lot).

Wanneer Petrus in 3:7-13 aan die lesers die feit van die toekomstige verwoestende oordeel van God voorhou, fundeer hy dit ook op die Ou Testament. Hierdie afleiding word gebaseer op die feit dat hy in 3:5-6 uit die Ou Testament aantoon dat God in die wêreld in die verlede geoordeel het en dan in 3:7 tot die gevolgtrekking kom dat God die wêreld in die toekoms weer sal oordeel. In 3:7 maak Petrus, in aansluiting by Ou-Testamentiese gedeeltes soos Deuternomium 32:22 en Jesaja 34:4, bekend dat die aarde deur vuur vernietig sal word (vergelyk hoofstuk 9 punt 2.2.4.4). Die verwysings na Psalm 90 in 3:8 en Jesaja 65 en 66 in 3:13 maak dit verder duidelik dat hy dit wat hy aan die lesers aangaande die eskatologie openbaar, op die Ou Testament fundeer.

Uit bostaande is dit duidelik dat in 1 Petrus 1:16-21, 2:4-8 en 3:5-13 die brieffskrywer dit wat hy aan die lesers met betrekking tot die toekoms bekend maak, fundeer. Enersyds gebruik hy as fundering die feit dat hy en die ander apostels teenwoordig was met Christus se

verheerliking (1:16-18) en andersyds motiveer hy sy stellings oor die toekoms uit die Ou Testament (1:18-21, 2:4-8 en 3:5-13).

2.2.5 Etiese aanmoedigingsgedeeltes in 2 Petrus

Daar is reeds aangetoon dat daar in 1:5-11 'n etiese aanmoedigingsgedeelte voorkom wat deel uitmaak van die apostel se nalatenskap. In die brief kom egter nog twee etiese aanmoedigingsgedeeltes voor, te wete 3:11 en 3:14.

Dit is duidelik dat Petrus hierdie aanmoedigings rig binne die konteks van dit wat hy aangaande die eskatologie aan hulle gestel het. Hy roep hulle immers in sowel 3:11 as 3:14 op tot etiese optrede in die lig van die dinge wat hulle verwag. Dit is duidelik dat die dinge wat hulle verwag, verwys na dit wat hy aan hulle in verband met die eskatologie geopenbaar het.

2.3 Ontleding van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus in die lig van die testamentiese aard van die brief

In die lig van die voorafgaande studie, kan die volgende gedagtestruktuurontleding oorweeg word:

1:3-11 'n Opsomming van die leer van die apostel

- :3-4 Historiese gedeelte
- :5-7 Etiese aanmoedigingsgedeelte
- :11 Eskatologiese gedeelte

1:12-15 Die doel van die skrywe

- :12 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die opsomming van die apostel se leer in 1:3-11
- :13-16 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die naderende dood van die apostel
- :15 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die valse leraars

1:16-21 Fundering van die apostels se leer

- :16a Nie op menslike versinsels gefundeer nie
- :16b-18 Gefundeer op wat tydens die verheerliking gesien en gehoor is
- :19-22 Gefundeer op die profetiese woord

2:1-22 Bekendmaking van die koms van die valse leraars en hulle oordeel

- :1-10a Die valse leraars se koms en hulle oordeel gefundeer op die Ou Testament

:10b-22 Nadere besonderhede van die leraars wat in die toekoms sal kom

2:1-3 Bekendmaking van die koms van die valse leraars en hulle toekoms

2:4-10a Bekendmaking van die oordeel oor die goddeloses en die redding van die vromes

:4-8 Die fundering van die openbaring in die Ou Testament

:9-10a Die redding van die vromes en die oordeel oor die goddeloses

3:1-2 Die doel van die skrywe aansluitend by 1:12-15

3:3-4 Bekendmaking van die koms van die spotters en die inhoud van hulle spot

3:5-13 Bekendmaking van die eskatologiese gebeure en die fundering daarvan in die Ou Testament en 'n etiese aanmoediging in samehang met dit wat bekend gemaak is

3:14-16 Etiese aanmoediging in die lig van dit wat bekend gemaak is

3. Die homiletiese patroon van 1 Petrus 1:3-11

Daar is in hoofstuk 2 punt 1.4 aangetoon dat 2 Petrus 1:3-11 die vaste homiletiese patroon volg wat in Joodse en vroeg-Christelike literatuur gebruik is. Dit het geblyk dat 2 Petrus 1:3-11 uit drie gedeeltes bestaan, te wete 'n historiese gedeelte, 'n etiese aanmoedigingsgedeelte en 'n eskatologiese gedeelte.

In 2.2.2 is die aanduidings wat die vaste homiletiese patroon wat Petrus in 1:3-11 vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur bied, reeds verwerk. Ook is aangedui dat 1:3-11 soos volg ingedeel behoort te word:

1:3-4	Die historiese gedeelte
1:5-10	Die etiese aanmoedigingsgedeelte
1:11	Die eskatologiese gedeelte.

4. 2 Petrus se verwysings na die Ou Testament

Wanneer 2 Petrus se verwysings na die Ou Testament nader ontleed word, blyk dit dat die verwysings veral in twee gedeeltes voorkom, te wete 2:1-8 en 3:5-13.

Studies wat onderneem is oor die Nuwe-Testamentiese gebruik van die Ou Testament deur onder andere Borgen (1965:1-192), Bowker (1968:96-111), Ellis (1991:77-137), Dunn

(1977:81-102), Goppelt (1982:42-238) en Thiede (1986:79-91), toon dat tydgenootlike Joodse eksegeese die agtergrond is waarteen die vroeg-Christelike gebruik van die Ou Testament verstaan moet word. Bostaande twee gedeeltes (2:1-8 en 3:5-13) word nou teen hierdie agtergrond ondersoek om te bepaal of dit twee gedagte-eenhede binne die brief vorm en indien wel, hoe die gedagte-eenhede saamgestel is.

4.1 Die verwysings na die Ou Testament in 2:1-9

4.1.1 Aanduidings wat die verwysings na die Ou Testament in 2:1-9 bied vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus

Wanneer die gedeelte in 2:1-9 van nader beskou word, is dit duidelik dat Petrus in hierdie verse die Ou Testament tipologies interpreteer.

Navorsers het aangetoon dat tipologiese eksegeese op die oortuiging berus dat daar 'n ooreenkoms is tussen mense en gebeure van die verlede en die hede of toekoms (vergelyk Goppelt, 1982:17-18).

Dunn (1977:86) toon aan dat tipologiese eksegeese gebaseer is op die oortuiging dat sekere gebeure in die verlede van Israel, soos dit in die Skrifte opgeteken is, 'n aanduiding is van God se wyse van optrede en doelstellings met die mens.

Ellis (1991:108-109) toon oortuigend aan dat tipologiese eksegeese onderskei kan word in skeppingstipologie (creation typology) en verbondstipologie (covenant typology). In die skeppingstipologie word die Messiaanse eeu gesien as die vervulling van die bedoeling van die skeppingsorde. 'n Voorbeeld hiervan is Romeine 5 waar Adam voorgehou word as 'n tipe van die Een wat sou kom, te wete Jesus die Messias. Ellis (1991:107-108) stel dat in verbondstipologie verskillende persone, gebeure en instellings van die Ou-Testamentiese Israel gesien word as profetiese voorafskaduwings van Nuwe Testamentiese werklikhede. Die skrywer kan persone, gebeure en instellings as sintetiese of antitiese tipes gebruik. Adam is 'n tipe van die tweede Adam (sinteties), maar in kontras met die tweede Adam wat verlossing bewerk, bewerk die eerste Adam die val van die mens (Ellis, 1991:108). In die Nuwe Testamentiese gebruik van die Ou Testament kan ook 'n oordeelstipologie onderskei word. God se oordeelsdade van die verlede word in oordeelstipologie gesien as tipes van eskatologiese oordele (Ellis, 1991:109).

Uit Charles (1993:1-9) se studie oor Judas se gebruik van Joodse tradisionele stof, word dit duidelik dat verskillende tipologieë deur "trefwoorde" ("catchwords") aan mekaar gebind kan word om een argument te vorm.

Wanneer die tipologiese eksegeese wat in 2 Petrus 2:1-8 gebruik word, in die lig van bostaande beoordeel word, is dit duidelik dat Petrus konsekwent in hierdie gedeelte van sintetiese tipologiese eksegeese gebruik maak.

In 2:1 word die teenwoordigheid van valse profete onder die volk Israel as 'n tipe gestel van die teenwoordigheid van valse leraars onder die Nuwe-Testamentiese gelowiges.

Nadat Petrus in vers 3b gestel het dat die oordeel oor die valse leraars van lankal af nie werkeloos is nie, bevestig hy hierdie aankondiging deur God se oordeel oor die engele wat gesondig het (vers 4), die ou wêreld (vers 5a) en Sodom en Gomorra (vers 6) voor te hou as tipes van die oordeel van God wat oor die valse leraars sal kom.

In vers 5 word God se positiewe optrede teenoor Noag en sewe ander vermeld en in vers 7 sy optrede teenoor Lot. Die vraag is of hierdie optrede van God ook tipologies gebruik word, en indien wel, tipologies waarvoor. Vers 9-10a verskaf die antwoord. In vers 9-10a word die boodskap wat Petrus met die verskillende tipologieë wou oordra, opgesom. God verlos "vromes" (soos Noag met sewe ander en Lot) uit versoeking en Hy bewaar "onregverdiges" (soos die engele wat gesondig het, die ou wêreld en Sodom en Gomorra) vir die oordeel om gestraf te word. God se oordeel in die Ou Testament, dien dus as 'n tipe van sy oordeel oor die valse leraars en sy verlossende optrede in die Ou Testament dien as tipe van sy verlossende optrede teenoor hulle wat soos Noag en Lot optree. Wanneer in ag geneem word dat Petrus in vers 2a sê dat baie mense hierdie valse leraars sal volg, word die boodskap wat Petrus deur die tipologieë uit die Ou Testament wil tuisbring, nog duideliker. Enersyds waarsku hy met die tipologieë dat God se oordeel, soos oor die engele, die ou wêreld en Sodom en Gomorra, nie sal uitbly indien hierdie mense gevolg word nie, en andersyds bemoedig hy die mense wat teenstand bied teen die versoeking om hulle te volg. Hierdie waarskuwing en aanmoediging word tipologies ingeklee deur daarop te wys dat die Here net soos met Noag en Lot "weet (οἶδα) om die vromes uit versoeking te verlos."

Daar moet ook daarop gelet word dat Petrus, net soos Judas (vergelyk Charles, 1993:1), die verskillende tipologieë deur middel van "trefwoorde" met mekaar verbind. Die "trefwoorde" wat in hierdie gedeelte gebruik word, is δικαιοσύνης/δίκαιον/δίκαιος/ἀδίκους (vergelyk verse 5, 7, 8 en 9), ἀσεβῶν/ἀσεβέσι/εὐσεβεῖς (vergelyk verse 5, 6 en 9), ἀπωλείας/κρίμα/κρίσι/κατέκρινεν (vergelyk verse 1b, 1c, 3b, 3c, 4 en 6), τηρουμένου/τηρεῖν (vergelyk verse 4 en 9).

Uit bostaande is dit duidelik dat 2:1-10a een gedagte-eenheid binne die brief is. In hierdie gedagte-eenheid is daar drie kleiner gedagte-eenhede, te wete 2:1-3, 2:4-8 en 2:9-10a. In 2:1-3 word die lesers gewaarsku dat daar valse leraars kom. 2:4-8 vorm 'n verdere kleiner gedagte-eenheid. In hierdie gedagte-eenheid word die oordeel wat in 2:3 eerste oor die valse

leraars aangekondig is, deur middel van tipologiese eksegeese uit die Ou Testament bevestig (2:4, 5a en 6). Deur middel van tipologieë word die lesers egter ook in hierdie gedagte-eenheid bemoedig om nie aan die versoeking toe te gee om die valse leraars te volg nie. 'n Derde kleiner gedagte-eenheid strek vanaf 2:9-10a. Hierdie eenheid dien as 'n samevatting van die boodskap wat Petrus deur middel van die tipologieë wou oordra.

4.1.2 'n Outleding van die gedagtestruktuur van 2 Petrus in die lig van die verwysing na die Ou Testament in 2:1-10a

In die lig van voorafgaande studie oor Petrus se verwysings na die Ou Testament in 2:1-10a, kan die volgende ontleding van die gedagtestruktuur van 2:1-10a gedoen word:

- 2:1-10a Waarskuwing teen die valse leraars wat kom**
- :1-3 Die koms en eienskappe van die valse leraars
 - :4-8 Tipologiese bevestiging vanuit die Ou Testament aangaande die oordeel oor die onregverdiges en die verlossing van die vromes
 - :9-10a Die oordeel oor die onregverdiges en die verlossing van die vromes

4.2 Die verwysings na die Ou Testament in 3:5-13

4.2.1 Aanduidings wat die verwysings na die Ou Testament in 3:5-13 bied vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus

In 3:5-13 maak Petrus gebruik van die *Midrash* eksegetiese metode. Ellis (1991:95-100) stel dat daar in die *Midrash* eksegetiese metode onderskei moet word tussen twee soorte *midrash*, te wete die eksplisiete en die implisiete *midrash*. Implisiete *midrash* is 'n interpreterende parafrasering van die Ou-Testamentiese teks. Eksplisiete *midrash* is Ou-Testamentiese aanhalings waarby kommentaar gevoeg is. Eksplisiete *midrash* kan in verskillende vorme voorkom: dit mag voorkom as 'n groep tekste en kommentaar oor 'n spesifieke tema.

Uit die studie van Borgen (1970:288-295) oor die "targumudic character of the prologue of John" blyk dit dat eksplisiete eksegeese ook 'n besondere patroon kan aanneem. Meestal word eksplisiete eksegeese egter aangetref in die vorm van die Rabbynse uitleg die *proem* en die *Yelammedenu rabbenu midrashim* (Ellis, 1991:96). Die *proem* uitleg word so genoem omdat dit met 'n *proem* (inleiding) begin. Die *Yelammedenu* word so genoem omdat dit begin met die oproep "Laat ons meester ons onderrig" (*yelammedenu*).

Uit die navorsing van Borgen (1965:51), Bowker (1968:100-101), Ellis, (1991:96-97) en Heinemann (1971:996) blyk dit dat hierdie vorm van Rabbynse uitleg die volgende eienskappe vertoon:

- Die teks vir daardie dag: Die eerste vers(e) van 'n perikoop uit die Pentateug
- Die inleidingstekst: Die *proem*.
- Die uitleg: In die uitleg kon addisionele aanhalings, gelykenisse en kommentaar gebruik word. 'n Koppeling van die uitleg met die aanvanklike vers en slotvers deur "play of words or similar rhetorical devices" (Heinemann, 1971:996) is bewerk.
- Die finale teks: Normaalweg 'n herhaling van, of 'n verwysing na die teks wat vir die spesifieke dag gekies is - soms met 'n samevattende toepassing.

Ellis (1991:97) toon aan dat die Nuwe-Testamentiese eksegetiese patroon soms verskil van bostaande patroon. Die Nuwe-Testamentiese *midrash* hou nie altyd verband met die Pentateug nie; die tweede teks - die *proem* - ontbreek dikwels. Die finale teks verskil dikwels van die teks van die dag; soms ontbreek die opsigtelike herhaling van spesifieke woorde, en die eksegeese is altyd eskatologies georiënteerd.

Die *Yelameddenu midrash* vertoon dieselfde algemene struktuur as die *proem midrash* behalwe dat dit, soos die naam impliseer, met 'n vraag begin wat deur die uitleg beantwoord word (Ellis, 1991:97).

Bostaande gegewens werp lig op 2 Petrus se gebruik van die Ou Testament in 3:5-13. Dit blyk dat Petrus in 3:5-6 Genesis 1 en 6 as teks neem. Psalm 90 dien as *proem*-teks (3:8). Die uitleg volg in 3:9-12. In die uitleg word verwys na woorde van Jesus (3:10a), Jesaja 34:4 (3:10b) en volg 'n paranetiese gedeelte en word weer na Jes.34:4 verwys (3:12b). Die finale teks word in 3:13 gevind wanneer Petrus na Jesaja 65 en 66 verwys.

Wanneer hierdie *proem*-eksegese van Petrus in samehang met 3:3-4 gelees word, word dit duidelik dat Petrus die eksegese gebruik as antwoord op die spot van die spotters soos dit in 3:4 verwoord word. Dit is duidelik dat Petrus in 3:4 twee sake aangaande die spotters se spot aan die orde stel, te wete die vraag oor die belofte van die koms van die Here en die bewering dat alles dieselfde bly soos van die begin van die skepping af. In die verwysing na Genesis 1 en 6 en die kommentaar daaroor in 3:7 toon Petrus deur die eksegese van die Ou Testament aan dat alles nie dieselfde bly soos die spotters sal beweer nie. Die *proem*-teks - Psalm 90 - beantwoord die vraag oor die belofte van die koms. In die uitleg wat in 3:9-12 volg, waarin na Jesus se woorde (3:9) en na Jesaja 34 (3:10, 12) verwys word, handel Petrus oor die houding en optrede van die lesers. Die verwysing na Jesaja 65 en 66 in 3:13 dien as 'n samevatting van die antwoord op die spotters.

Die gedeelte 3:5-13 word deur merkerwoorde (*catchwords*, vergelyk punt 4.1.1) tot 'n hegte eenheid saamgesnoer. Hierdie eenheid blyk uit die herhaling van die volgende woorde

οὐρανοί (verse 5, 7, 10, 12), γῆ (verse 5, 7, 10, 13) ἀπόλετο/ἀπωλείας/ἀπολέσθαι (verse 6, 7, 9) ἡμέρα (verse 7, 8, 10, 12).

4.2.2 'n Ontleding van die gedagtestruktuur van 2 Petrus in die lig van die verwysings na die Ou Testament in 3:5-13

Die volgende ontleding van die gedagtestruktuur van 2:1-10a kan in die lig van voorafgaande studie oor die verwysings na die Ou Testament in 3:5-13 gedoen word:

3:5-8 Beantwoording van die spotters

:5-7 Beantwoording van die spotters

- Die bewering dat alles dieselfde bly

:8. Beantwoording van die spotters

- Die spotvraag oor die belofte van die koms van die Here

3:9-13 Die houding en optrede van die lesers ten opsigte van die sake waaroor die spotters gespot het

5. Die mikrovlak van die retoriese struktuur in 2 Petrus en die aanduidings wat dit bied vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus

Nida *et al.* (1983:7) stel dat retoriek in die Nuwe-Testamentiese tyd so 'n fundamentele aspek van alle opvoedingvlakke was dat die effektiewe gebruik van taal eintlik as vanselfsprekend vir enige persoon met literêre opleiding of ervaring sou wees. Hulle (Nida *et al.*, 1983:9-13) toon ook aan dat die Nuwe Testament die klem weerspieël wat in die Hellenistiese wêreld op retoriek geplaas het, en onderskei in hulle ontleding tussen die mikrovlak van retoriese struktuur en die makrovlak van retoriese struktuur. Hulle verduidelik die onderskeid soos volg:

"The macro level of rhetorical structure involves primarily the broader and more inclusive units which are normally related semantically, while the rhetorical features on the micro level generally serve to relate units on the macro level or to increase impact and appeal by various devices."

In hierdie hoofstuk word by Nida *et al.* ten opsigte van die mikrovlak aangesluit en nie ten opsigte van die makrovlak nie. Op makrovlak word by Coetzee (1988:19-37) se metode van gedagtestruktuurontleding aangesluit.

Nida *et al.* (1983:45-46) toon aan dat die funksie en ooreenstemmende betekenis van retoriese verskynsels verstaan moet word binne die raamwerk van die verhoudings waarbinne hulle voorkom. Hulle noem vyf verhoudings waarbinne retoriese verskynsels 'n belangrike plek inneem:

- * Die verhouding van dele van 'n teks tot ander dele van die teks.

- * Die verhouding van 'n teks tot die deelnemers in die kommunikasie.
- * Die verhouding van die teks tot die plasing van die teks ten opsigte van tyd, plek en ontvangers.
- * Die verhouding van die teks tot die werklike wêreld.
- * Die verhouding van die teks tot ander tekste.

Vir die doel van hierdie studie is die verhouding van die dele van die teks tot ander dele van die teks van belang.

Hierdie verhoudings kan op verskillende maniere waargeneem word (Nida *et al.*, 1983:46). Benewens sintaktiese strukture, is ook die aanwending van stylfigure soos parallelismes en chiasmes en strukturele patrone soos klimaktiese opbou aanduidings van sodanige verhoudings (vergelyk Smyth, 1971:671-683). Soms is die verhoudings waarneembaar in die herhaling of kontrastering van bepaalde woorde wat etimologies of semanties aan mekaar verwant is, soms in die herhaling of kontrastering van gedagtes.

Eerstens word stylfigure aangedui wat moontlik betekenis vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur mag hê, en daarna word die betekenis daarvan bespreek. Alle stylfigure in 2 Petrus word nie aangedui nie; slegs dié wat 'n aanduiding van die gedagtestruktuur gee. Ten slotte word 'n samevatting gegee van die aanduidings wat die mikrovlak van die retoriese struktuur vir die bepaling van 'n gedagtestruktuur bied.

5.1 Retoriese verskynsels in 1:3-4a

In 1:3-4 word die volgende omgekeerde parallelisme (vergelyk Coetzee 1988:28) aangetref:

a1	b1		
Ὡς <u>πάντα</u> <u>ἡμῖν</u> τῆς θείας δυνάμεως			
		c1	d1
		<u>τὰ πρὸς ζωὴν καὶ εὐσέβειαν</u>	<u>δεδορημένες</u>
e1			
<u>διὰ τῆς ἐπιγώσεως τοῦ καλέσαντος ἡμᾶς ἰδία δόξῃ καὶ ἀρετῇ</u>			
e2			
<u>δι' ὧν</u>			
c1	b2	a2	d2
<u>τὰ τίμια καὶ μέγιστα</u>	<u>ἡμῖν</u>	<u>ἐπαγγέλματα</u>	<u>δεδώρηται</u>

Die parallelisme kan soos volg uiteengesit word:


a1	die gawe	(πάντα)
b1	die ontvanger van die gawe	(ἡμῖν)
c1	die beskrywing van die gawe	(τὰ πρὸς ζωὴν καὶ εὐσέβειαν)
d1	is gegee	(δεδορημένες)
e1	instrument	(διὰ τῆς ἐπιγνώσεως ... ἀρετῆ)

e2	instrument	(δι' ὧν)
c2	beskrywing van die gawe	(τίμια καὶ μέγιστα)
b2	die ontvanger van die gawe	(ἡμῖν)
a2	die gawe	(τὰ ἐπαγγέλματα)
d2	is gegee	(δεδώρηται)

Dit is duidelik dat Petrus deur hierdie omgekeerde parallelisme die binding tussen 1:3 en 1:4a beklemtoon. Binne hierdie parallelisme word die instrument waardeur die gawe gegee word, naamlik διὰ τῆς ἐπιγνώσεως sentraal gestel word.

5.2 Retoriese verskynsels in 1:5-7


In 1:5-7 word 'n klimaktiese opboupatroon (ook genoem *sorites*, vergelyk Fischel, 1973:119) aangetref. Dié opboupatroon kan soos volg voorgestel word:



1:5-7 word dus saamgebind deur 'n klimaktiese ordening van gedagtes, waarin daar ses opeenvolgende "trappe" voorkom - trappe wat by πίστις begin en by ἀγάπη eindig. Dit blyk dat Petrus deur hierdie lys van deugde wat hy klimakties orden, verskillende aspekte van die lewe, waartoe hy die lesers in 1:5-7 aanmoedig, benadruk.

5.3 Retoriese verskynsels in 1:8-11

Jordaan (1988:73) toon aan dat daar in 1:8-11 verskeie antiteses en parallelismes voorkom. Die volgende uiteensetting wat die antiteses en parallelismes aandui, kan gegee word:



Bostaande uiteensetting dui daarop dat 1:8-11 'n gedagte-eenheid vorm.

5.4 Retoriese verskynsels in 1:12-15

Die gebruik van ὑπομιμνήσκειν (1:12), ὑπομνήσει (1:13) en μνήμην (1:15) dui op 'n baie opvallende herhaling van woorde. Hierdie herhaling van woorde dui daarop dat 1:12-15 as 'n gedagte-eenheid gehanteer behoort te word - 'n gedagte-eenheid waarin die begrip *om te herinner* 'n belangrike plek inneem.

5.5 Retoriese verskynsels in 1:16-18

In 1:16-18 is daar 'n opvallende opeenstapeling van woorde binne dieselfde semantiese velde. Enersyds is daar 'n oorvloedige gebruik van woorde wat die heerlijkheid van Christus beskrywe: δύναμιν (1:16b), μεγαλειότητος (2:16c), τιμὴν καὶ δόξαν (1:17a), δόξης (1:17b) en εὐδόκησα (1:17c). Andersyds word woorde wat met sintuiglike waarneming verband hou, by herhaling gebruik: ἐπόπται (1:16c), φωνῆς (1:17b), φωνήν (1:18a), ἠκούσαμεν (1:18a). Hierdie herhalings dui aan dat 1:16-18 waarskynlik 'n mededelingseenheid vorm waarbinne die heerlijkheid van Christus en die waarneming van die apostels 'n sentrale plek inneem.


5.6 Retoriese verskynsels in 1:19-21

Op 'n soortgelyke wyse word 1:19-21 saamgebind deur die herhaling van die woorde προφητικὸν/ προφητεία in verse 19, 20 en 21, asook die semanties verwante λόγον (1:19), γραφῆς (1:20) en ἐλάλησαν (1:21). Die saambundeling van die semanties-verwante λόχων, ἀρχιμητῶ, ἡμέρα en φωσφόρος in 1:19c en 20a is die gevolg van die vergelyking wat Petrus op hierdie plek invoeg. In die geheel gesien, is 1:19-21 waarskynlik 'n mededelingseenheid waarin die profete en hulle woorde/geskrifte 'n sentrale plek beklee.

5.7 Retoriese verskynsels in 2:1-10a

Die opvallendste kenmerk van 2:1-10 is die feit dat die woordgroep κρίμα/κρίσις/κατακρίνω verspreid in die perikoop voorkom (2:3: τὸ κρίμα, 2:4: εἰς κρίσιν, 2:6: κατέκρινεν, 2:9: εἰς ἡμέραν κρίσεως). In verse 1-3 kom die semanties verwante ἀπώλεια drie keer voor, maar nie verder in die perikoop nie. Hierdie woordverspreiding is 'n aanduiding dat 2:1-10 moontlik as 'n eenheid gehanteer moet word, met 2:1-3 as 'n kleiner eenheid daarbinne. Daar is egter ook ander stilistiese verskynsels in hierdie verse wat die aandag verdien:

* 2:1 is in 'n omgekeerde parallelisme wat soos volg gerangskik is:



Op grond van hierdie strukturing word daar 'n parallel getrek tussen die valse profete en die valse leraars, asook tussen die volk (van die Ou Testament) en die lesers van die brief (ὁμῶν).

- * Die innerlike binding van 2:1-10 word verder versterk deur 'n gedagteherhaling wat in verse 1 en 10 voorkom. Die verwerping van die gesag van die Here word in 2:1 verwoord as τὸν ἀγοράσαντα αὐτοῦς δεσπότην en in vers 10 as κυριότητος καταφρονοῦντας
- * God se optrede ten opsigte van die gevalle engele (2:4), met die wêreld in die tyd van Noag (2:5) en Sodom en Gomorra (2:6) word op parallelle wyse beskrywe:

Vers.4: ὁ θεὸς ἀγγέλων ἀμαρτησάντων <u>οὐκ ἐφείσατο</u>	a
... <u>εἰς κρίσιν τηρουμένους</u>	b
Vers 5: καὶ ἀρχαίου κόσμου <u>οὐκ ἐφείσατο</u>	a
Vers 6: καὶ πόλεις Σοδόμων καὶ Γομόρρας... <u>κατέκρινεν</u>	b

Hierdie parallelle stelwyse bring die moontlikheid na vore dat verse 4-6 binne die groter raamwerk van verse 1-10 'n eenheid vorm.

- * In verse 5-8 word daar 'n opvallende teenstelling gemaak tussen die goddeloses (ἀσεβεῖς) en die regverdiges (δίκαιοι):

Vers 5: Νῶε <u>δικαιοσύνης</u> κήρυκα	a
κατακλυσμὸν κόσμῳ <u>ἀσεβῶν ἐπάξας</u>	b
Vers 6: πόλεις Σοδόμων καὶ Γομόρρας... <u>ὑπόδειγμα... ἀσεβέσιν</u>	b
Vers 7: καὶ <u>δίκαιον</u> Λώτ ...	a
Vers 8: ... ὁ <u>δίκαιος</u>	a
... ψυχὴν <u>δικαίαν</u>	a

Hierdie omgekeerde parallelisme versterk die moontlikheid dat nie verse 4-6 (soos vroeër gesuggereer is) nie, maar wel verse 4-8 'n eenheid vorm binne die groter geheel van 2:1-10.


- * Daar is ook 'n opvallende herhaling wat die teenstelling tussen God se optrede teenoor die goddeloses en sy optrede teenoor die regverdige beklemtoon. In vers 4 word gesê dat God die gevalle engele oorgelewer het εἰς κρίσιν τηρουμένους; in vers 9 dat Hy die onregverdige εἰς ἡμέραν κρίσεως... τηρεῖν. In vers 5 word genoem dat God Noag ἐφύλαξεν (bewaar het) en in vers 7 dat Hy die regverdige Lot ἐρρύσατο (gered het). Ook in vers 9 word

gesê dat die Here weet om die vromes te red (ρύεσθαι). Hierdie woorde is chiasies georden:

Vers 4: εἰς κρίσιν τηρουμένων	a
Vers 5: ἐφυλάξεν	b
Vers 7: ἐρρύσατο	b
Vers 9: ρύεσθαι	b
Vers 9: εἰς ἡμέραν κρίσεως... τηρεῖν	a

* 'n Laaste opvallende kenmerk van 2:1-10 is die verrassende woordwisseling wat tussen verse 8 en 9 plaasvind. Tot en met vers 8 is na die goddelose mense verwys as ἀσεβεῖς, en na die regverdiges as δίκαιοι (verse 5, 7, 8). In vers 9 word die twee woorde egter met hulle teenoorgesteldes omgeruil: ἀσεβεις vir εὐσεβεῖς en δίκαιοι vir ἀδικοῦς - Hierdie wisseling versterk die vermoede dat daar in vers 9 na 'n nuwe (konkluderende) gedeelte van die perikoop oorgegaan word.

* Skematies kan die opbou van 2:1-10a dus voorgestel word as 'n wigstruktuur, waarvan die skerp punt (swaartepunt) aan die einde voorkom:




5.8 Retoriesse verskynsels in 2:10b-22

Die opvallende stilistiese kenmerk van 2:10b-22 is die feit dat besonder lang sinne met talle deelwoordfrases gebruik word. Verse 13b-16 (volgens die interpunksie van die UBS-tekst) bestaan uit slegs een sin met ἐπλανήθησαν (2:15) as hoofwerkwoord, waarby nie minder nie as elf deelwoordfrases geïnkorporeer is. Hieruit kan alreeds met redelike sekerheid aanvaar word dat 2:13b-16 as 'n eenheid beskou moet word. Ook die volgende stilistiese verskynsels moet in aanmerking geneem word.

- * In 2:10-13a kom die woorde βλασφημοῦντες/Βλάσφημον by herhaling voor (verse 10, 11, 12) asook die woorde φθοράν/φθαρήσονται (drie keer in vers 12). Hierdie verskynsel dui op die waarskynlikheid dat 2:10-13a as 'n eenheid beskou moet word. Ook die herhalings in die frases ἐν τῇ φθορᾷ αὐτῶν καὶ φθαρήσονται (vers 12) en ἀδικούμενοι μισθὸν ἀδικίας (vers 13) is baie opvallend.
- * In 2:13-14 word die dwalings van die valse leraars beskryf by wyse van die volgende inhoudelike parallel:

Vers 13a: wat hulle <i>dink</i> (ἠγοούμενοι).	a
Vers 13b: wat hulle <i>is</i> (σπίλοι καὶ μῶμοι (ὄντες).	b
Vers 13c: wat hulle <i>doen</i> (ἐντροφῶντες... συνευωχούμενοι).	c
Vers 14a: wat hulle <i>dink</i> (ὀφθαλμοὺς ἔχοντες...).	a
Vers 14b: wat hulle <i>doen</i> (δεδεάζοντες ψυχὰς ἀστερίκτους).	c
Vers 14c: wat hulle <i>is</i> (κατάρως τέκνα (ὄντες).	b
- * Die werkwoord ἐπλανήθησαν, wat die sintaktiese sentrum van 2:13b-16 vorm, word uitgebrei deur twee parallelle deelwoordfrases in vers 15:



In die eerste deelwoordfrase word die dwaling beskryf in terme van die weg wat die valse leraars *verlaat* het, naamlik die *regte pad*; in die tweede

deelwoordfrase word die dwaling beskryf in terme van die weg wat die valse leraars *gevolg* het, naamlik die *pad van Bileam*.

- * In 2:17-22 word daar by herhaling gebruik gemaak van die naderverklarende partikel γάρ (verse 18, 19, 20, 21) Hierdie herhaling dui op 'n binding in 2:17-22, en verleen ook iets van 'n naderverklarende karakter aan die verse. Wat ook in 2:17-22 opvallend is, is die herhaling van φθεγγόμενοι/ἀποφυγόντες in verse 18 en 20 en die herhaling van ήττηται/ήττωνται in verse 19 en 20.
- * Wanneer bovermelde verskynsels in berekening gebring word, kan 2 Petrus 2:10b-22 soos volg verdeel word:

Waarskuwing teen die valse leraars

2:10b-13a *Waarskuwing teen die lastering van die valse leraars* (vergelyk die herhaling van βλασφημοῦντες).

2:12 Die valse leraars sal vanweë hulle lastering tot niet gaan (vergelyk die herhaling van φθορά)

2:13b-16 *Waarskuwing teen die dwaling van die valse leraars* (vergelyk die sentrale plek van ἐπλανήθησαν)

2:13b-14: Wat die valse leraars is, dink en doen (vergelyk die inhoudelike parallellie).

2:15: Die pad wat die valse leraars in hulle dwaling verlaat het en die pad wat hulle volg (vergelyk die twee parallelle deelwoordfrases).

2:16: Bileam as Ou-Testamentiese voorbeeld van 'n valse profeet wat die pad van ongeregtigheid gevolg het.

2:17-22 *Waarskuwing teen die verleiding van die valse leraars* (by wyse van samevatting, vergelyk γάρ).

2:17-19 Beskrywing van die verleiding van die valse leraars.

2:20-22 Waarskuwing aangaande diegene wat hulle laat verlei.

5.9 Retoriese verskynsels in 3:1-2

In 3:1-2 is die volgende stilistiese verskynsels opvallend:

- * Die disjunksie van die woordgroep ταύτην... δευτέραν in 3:1.
- * Die herhaling van ὑπομνήσει/μνησθήναι in verse 1, 2.
- * Die parallelle rangskikking van die twee voorwerpsfrases van μνησθήναι in vers 2:

a	b	c
τῶν προειρημένων	ρημάτων	ὑπὸ τῶν ἁγίων προφητῶν

a	b	c
καὶ τῆς τῶν ἀποστόλων ὑμῶν	ἐντολῆς	τοῦ κυρίου καὶ σωτήρος

Hierdie verskynsels dui op die moontlikheid dat 3:1-2 as 'n eenheid met innerlike binding beskou word.

5.10 Retoriese verskynsels in 3:3-16

Die volgende sintaktiese verskynsels in 3:3-16 is opvallend:

- * Die deelwoord γινώσκοντες aan die begin van vers 3 figureer as selfstandige werkwoord - of as gevolg van bragilogie of as gevolg van anakolouthon.
- * Vers 5 word deur die naderverklarende partikel γὰρ ingelei, waardeur die daaropvolgende sin(ne) naderverklarend aan verse 3 en 4 verbind word.
- * Vers 14 word ingelei deur die konkluderende partikel διό, wat die daaropvolgende sin(ne) as konklusie aan die voorafgaande sinne verbind.

Hierbenewens kom die volgende stilistiese verskynsels in 3:3-16 voor:

- 5.10.1 In vers 3 word die woorde ἐμπαιγμονῇ ἐμπαίκεται anastrofies direk langs mekaar gestel. Op hierdie wyse word die ἐμπαίκεται (spotters) in die kalklig gestel.
- 5.10.2 Die woorde ἡ ἐπαγγελία τῆς παρουσίας αὐτοῦ wat in vers 4 voorkom, vind weerklank in τὴν παρουσίαν (vers 12) en ἐπάγγελμα (vers 13).

5.10.3 In verse 5-7 kom 'n interessante driebenige parallelisme voor:

Vers 5:

	b1	a	b2	c
	<u>οὐρανοὶ ἦσαν</u>	<u>ἔκπαλαι</u>	<u>καὶ γῆ</u>	<u>ὑδατος καὶ δι' ὑδατος</u>
	d	e		
	<u>συνεστῶσα τῷ τοῦ θεοῦ λόγῳ</u>			

Vers 6:

	e	a	b	c	d
	<u>δι' ὧν</u>	<u>ὁ τότε</u>	<u>κόσμος</u>	<u>ὑδατι καταλυσθεὶς</u>	<u>ἀπόλετο</u>

Vers 7:

	a	b	e
	<u>οἱ δὲ νῦν</u>	<u>οὐρανοὶ καὶ ἡ γῆ</u>	<u>τῷ αὐτῷ λόγῳ(e)</u>
		d	c
	<u>τεθησαυρισμένοι εἰσὶν</u>		<u>πυρί</u>

Hierdie parallellisme bind verse 5-7 tot 'n eenheid saam.

5.10.4 Die woord λανθάνει wat in vers 5 voorkom, kom weer in vers 8 voor (λανθανέτω).

Vers 5: λανθάνει γὰρ αὐτοὺς (gevolg deur 'n voorwerpsin, vv. 5-7).

Vers 8: λανθανέτω (gevolg deur 'n voorwerpsin).

Op hierdie wyse word waarskynlik ook vers 8 by die naderverklarende γὰρ van vers 5 betrek.

5.10.5 In vers 8 kom 'n voorbeeld van 'n woord-chiasme voor:

	a		b	
	<u>μία ἡμέρα</u>	<u>παρὰ κυρίῳ</u>	<u>ὡς</u>	<u>χίλια ἔτη</u>
		b	a	
	<u>χίλια ἔτη</u>	<u>ὡς</u>	<u>ἡμέρα μία</u>	

5.10.6 Die verspreiding van die woorde προσδοκῶντας/προσδοκῶμεν/προσδοκῶντες in verse 12-14 wys op die moontlikheid dat verse 12-14 as 'n eenheid beskou kan word.

- 5.10.7 Die verspreiding van die semanties verwante woorde ἔγραψεν/ἐπιστολαῖς/γραφεῖς in verse 15 en 16 bind hierdie verse waarskynlik saam. Aangesien verse 14 tot 16, ingelei deur διό, een saamgestelde sin vorm met σπουδάσατε (vers 14) as hoofwerkwoord, is dit duidelik dat 3:14-16 as 'n geheel beskou moet word.
- 5.10.8 Uit bostaande retoriese verskynsels is dit moontlik om die volgende verhoudings van 3:3-16 aan te toon:

Die sekerheid oor die koms van die Here

3:3-8 Die spotters se spot (vergelyk die anastrofe in vers 3 oor die koms en die oordeel).

3:4a Spotvraag oor die koms van die Here.

3:4b Spotvraag oor die oordeel (verandering van die wêreld).

3: 5-7 Antwoord (γὰρ) op die spotvraag oor die oordeel (verandering van die wêreld) - vergelyk die driebenige parallelisme.

3:8 Antwoord (γὰρ) op die spotvraag oor die koms van die Here.

3:9-13 Die gelowiges se verwagting (vergelyk προσδοκῶντας) van die koms en die oordeel.

3:9 Die lankmoedigheid van die Here.

3:10 Die koms en die oordeel .

3:11-12a Die verwagting van die koms.

3:12b-13 Die koms, die oordeel en die herskepping.

3:14-16 Gevolgtrekking (vergelyk konkluderende partikel διό).

3:14 Die lankmoedigheid van die Here.

3:15-16 Die bevestiging van die koms uit Paulus se briewe.

6. Samevatting van gegewens ten opsigte van die gedagtestruktuur van 2 Petrus

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die epistolografie, die testamentgenre, die homilieë in Joodse en vroeë Christelike literatuur, Petrus se verwysing na die Ou Testament, asook retoriese verskynsels in 2 Petrus op verskillende maniere lig werp op die gedagtestruktuur van die brief. Wanneer al hierdie gegewens saamgevoeg word, kan daaruit 'n uiteensetting van die gedagtestruktuur van 2 Petrus saamgestel word. Eerstens word die gedagte-eenhede, soos dit in die voorafgaande studie na geïdentifiseer is, aangetoon. Kleiner gedagte-eenhede binne hierdie gedagte-eenhede word ook aangetoon. In die tweede plek word die gedagtestruktuur in sy geheel uiteengesit.

6.1 Die gedagte-eenhede in 2 Petrus

6.1.1 Die *praescriptum* of aanhef (1:1-2)

Dit blyk uit die vergelyking van 2 Petrus met die antieke briefvorm (vergelyk punt 1.3) dat 1:1-2 as die *praescriptum* of aanhef van die brief beskou kan word. In hierdie aanhef maak die skrywer bekend wie die skrywer (1:1a) en die geadresseerdes (1:1b) is en kom 'n seënbede (1:2) voor (vergelyk punt 1.2.1).

6.1.2 Die *formula valetudinis* of opsomming van die apostels se leer (1:3-11)

Op grond van die volgende aspekte van die voorafgaande studie is dit duidelik dat 1:3-11 as 'n gedagte-eenheid beskou kan word:

- * Die vergelyking tussen Petrus en die antieke briefvorm (vergelyk punt 1.3).
- * Ooreenkomste tussen 2 Petrus en die antieke testamentgenre (vergelyk punt 2.3).
- * Retoriese verskynsels in 2 Petrus (vergelyk punt 5.1, 5.2, 5.3).

Dit blyk uit bogenoemde dat Petrus die *formula valetudinis* van die brief so aangepas het dat dit by die antieke testamentgenre aansluiting vind. Hy gee naamlik in 1:3-11 'n opsomming van sy leer, wat in ooreenstemming met die testamentgenre in drie kleiner gedagte-eenhede verdeel word, te wete die historiese gedeelte (1:3-4), die etiese aanmoedigingsgedeelte (1:5-10) en die eskatologiese gedeelte (1:11).

Op grond van die retoriese verskynsels blyk dit dat die historiese gedeelte (1:5-10) in twee verdere kleiner gedagte-eenhede verdeel kan word, naamlik 1:5-7 en 1:8-10. In die eerste van hierdie gedagte-eenhede (1:5-7) gee Petrus 'n deugdelys en in die tweede gedagte-eenheid (1:8-10) motiveer hy die lesers tot 'n eties korrekte lewe.

6.1.3 Die aanloop tot die hoofbetog van die brief of die doel van die skrywe (1:12-13)

Daar is ten opsigte van die volgende aspekte van die studie aangetoon dat 1:12-15 'n gedagte-eenheid is:

- * Die vergelyking tussen Petrus en die antieke briefvorm (vergelyk punt 1.3).
- * Die vergelyking van 2 Petrus met die antieke testamentgenre (vergelyk punt 2.3).

Op grond van hierdie studie is dit ook duidelik dat 1:12-15 dien as aanloop tot die hoofbetog van die brief en dat die skrywer dit gebruik om die doel van sy skrywe bekend te maak. Hy

plaas die doel van die skrywe eerstens teen die agtergrond van die opsomming van sy leer, soos hy dit in 1:3-11 gegee het (1:13). Tweedens word die doel van die skrywe teen die agtergrond van die naderende dood van die apostel geplaas (1:14-16), en dertens teen die agtergrond van die koms van die valse leraars. Uit die retoriese verskynsels blyk dit dat die begrip *om te herinner* 'n belangrike plek in hierdie gedagte-eenheid inneem (vergelyk punt 5.4).

6.1.4 Die fundering van die leer van die apostel (1:16-21)

Op grond van die vergelyking van 2 Petrus met die antieke testamentgenre (vergelyk punt 2.3) en op grond van retoriese verskynsels in 2 Petrus (vergelyk punte 5.5 en 5.6) is dit duidelik dat 1:16-21 'n gedagte-eenheid vorm. In hierdie gedagte-eenheid maak die skrywer eerstens duidelik waarop sy leer *nie* gefundeer is nie (1:16a); tweedens waarop dit wel gefundeer is, naamlik op dit wat gehoor is en met die verheerliking waargeneem is (1:16b-18), asook op die profetiese woord (1:19-21).

6.1.5 Waarskuwing teen die valse leraars (2:1-22)

Op grond van die beoordeling van 2 Petrus teen die agtergrond van die antieke testamentgenre (vergelyk punt 2.3), uit verwysings na die Ou Testament in 2:1-10a (vergelyk punt 4.1.2) en uit retoriese verskynsels in 2:1-22 (vergelyk punt 5.7 en 5.8) blyk dit dat 2:1-22 as 'n gedagte-eenheid beskou moet word. Dit blyk voorts dat die skrywer in hierdie gedeelte klem lê op die koms van die valse leraars en die lesers teen hulle waarsku. Dit is ook duidelik dat die gedagte-eenheid in drie kleiner gedagte-eenhede verdeel kan word. In 2:1-10a handel die skrywer oor die valse leraars en hulle volgelinge wat gestraf sal word en die regverdiges wat gered sal word. In 2:10b-16 gee die skrywer die wandade van die valse leraars weer. Hy rig in 2:17-22 'n finale waarskuwing tot die lesers aangaande die leraars.

6.1.6 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die spotters (3:1-2)

In die beoordeling van 2 Petrus teen die agtergrond van die antieke testamentgenre is aangetoon dat die skrywer in 3:1-2 die doel van die skrywe bekend maak (vergelyk punt 2.2.1). Dit het geblyk dat hierdie doel teen die agtergrond van die koms van die spotters, wat in 3:3-4 vermeld word, verstaan moet word. Ook het dit geblyk dat die doel volgens 3:1-2 in samehang met die doel, soos dit in 1:12-5 gestel word, gelees moet word.

6.1.7 Die sekerheid oor die koms van die Here (3:3-16)

Dit blyk uit die mikrovlak van die retoriese struktuur in 2 Petrus dat 3:3-18a as 'n gedagte-eenheid beskou kan word (vergelyk punt 5.10). Hierdie gedagte-eenheid bestaan uit nog kleiner gedagte-eenhede, soos dit blyk uit die volgende aspekte

- * Die vergelyking van 2 Petrus met die antieke briefvorm (vergelyk punt 1.3).
- * Ooreenkomste tussen 2 Petrus en die antieke testamentgenre (vergelyk punt 2.3).
- * Die verwysings in 3:3-13 na die Ou Testament.
- * Retoriese verskynsels.

Die kleiner gedagte-eenhede sien soos volg daar uit:

- 3:3-4 Die koms van die spotters en hulle standpunte.
- 3:5-8 Die weerlegging van die spotters se standpunte.
- 3:9-13 Leiding aan die lesers aangaande die verloop van tyd voordat die belofte van die koms van die Here uitgevoer word.
- 3:14-16 'n Gevolgtrekking aangaande die optrede en denke van die lesers in die lig van die toekomstige gebeure.

6.1.8 Afloop van die hoofbetoog (3:17-18a)

Op grond van die vergelyking van 2 Petrus met die antieke briefvorm is dit duidelik dat 3:17-18a die afloop van die hoofbetoog is.

Dit blyk op grond van die gebruik van προγινώσκοντες in 3:17 dat hierdie gedagte-eenheid baie nou aansluit by die voorafgaande gedagte-eenheid en as 'n slot van die gedagte-eenheid van 3:4-16 beskou kan word.

6.1.9 Lofprysing (3:18b)

In die vergelyking van 2 Petrus met die antieke briefvorm is aangetoon dat Petrus die briefslot wat in die Griekse briewe voorgekom het, weglaat en dit in 3:18b met 'n lofprysing vervang (vergelyk punt 1.2.2).

6.2 'n Uiteensetting van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus

Uit voorgaande kan die volgende uiteensetting van 'n gedagtestruktuur van 2 Petrus gegee word:

1:1-2 Aanhef

- :1a Bekendstelling van die skrywer.
- :1b Bekendstelling van die lesers.
- :2 Die seën.

1:3-11 Opsomming van die leer van die apostel

- :3-4 Historiese gedeelte.
- :5-10 Aanmoedigingsgedeelte.
 - : 5-7 Verskillende aspekte van 'n eties korrekte lewe.
 - : 8-10 Motivering tot 'n eties korrekte leefwyse.
- :11 Eskatologiese gedeelte.

1:12-15 Die doel van die skrywe

- :12 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die opsomming van die leer van die apostel.
- :13-14 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die naderende dood van die apostel.
- :15 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die valse leraars.

1:16-21 Fundering van die gesag van die apostel

- :16a Nie op menslike versinsels gefundeer nie.
- :16b-18 Gefundeer op dit wat die apostels tydens die verheerliking gesien en gehoor het.
- 19-21 Gefundeer op die profetiese woord.

2:1-22 Waarskuwing teen die valse leraars

- :1-10a Die straf van die valse leraars en die redding van die vromes.
- :10b-16 Die wandade van die valse leraars en hulle oordeel.
- :17-22 'n Finale waarskuwing teen die valse leraars.

3:1-2 Die doel van die skrywe

- Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die spotters

3:4-16 Die sekerheid van die koms van die Here

- :3-4 Die koms van die spotters en hulle standpunte.
- :5-8 Weerlegging van die spotters se standpunte.
- :9-13 Leiding aan die lesers aangaande die verloop van tyd voor die belofte oor die koms van die Here uitgevoer word.
- :14-16 'n Gevolgtrekking aangaande die optrede en denke van die lesers in die lig van toekomstige gebeure.

3:17-18a Die slot van die brief


- 'n Aanmoediging tot optrede in die lig van kennis wat verkry is.

3:18b Lofprysing

6.3 Gedagte-opbou in 'n ringkomposisie

Die gedagte-opbou van die brief kan ook beskrywe word in terme van 'n ringkomposisie. Dit is immers opvallend dat die skrywer in die briefslot terugkeer na dieselfde gedagtes as waarmee hy die brief begin het. In die briefaanhef (1:2) skryf hy: "Mag genade (χάρις) en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis (ἐπίγνωσεῖ) van God en Jesus, ons Here. In drie 3:18 sluit hy die brief af met "... maar julle moet toeneem in die genade (χάριτι) en kennis (γνώσει) van ons Here en Saligmaker, Jesus Christus. Hoewel, soos later uit hierdie studie blyk, die woorde ἐπίγνωσις en γνώσις nie presies dieselfde betekenis aanwending het nie, is daar tog so 'n noue verband dat die ooreenkoms tussen 1:2 en 3:18 nie ontken kan word nie.

Desgelyks keer die skrywer ook ten opsigte van ander gedagtes telkemale later in die brief terug na wat hy reeds van te vore gesê het. Binne die breër opset van die ringkomposisie sien die gedagtepatroon van die brief soos volg daar uit:



7. Woorde waarin die kenmotief in die onderskeie gedagte-eenhede moontlik na vore tree

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om na te gaan hoe die kenmotief oor die verskillende gedagte-eenhede versprei is; daarom word 'n opname gemaak van woorde in die brief wat volgens Louw en Nida (1988i en ii) gebruik word in die semantiese velde wat aan die kenmotief verbind is. Die betrokke woorde word dan aangetoon soos hulle voorkom in die onderskeie gedagte-eenhede - die kleiner gedagte-eenhede binne die raamwerk van die groter gedagte-eenhede (vergelyk punt 6.2). Die plekverwysings in Louw en Nida (1988i en ii) word nie in hierdie hoofstuk aangetoon nie, maar wel in die hoofstukke waar die woorde in hierdie studie in behandeling geneem is.

7.1 Woorde in die aanhef van die brief wat moontlik die kenmotief dra (1:1-2)

7.1.1 Bekendstelling van die skrywer (1:1a)

Petrus gebruik geen woorde wat moontlik die kenmotief dra wanneer hy die skrywer bekendstel nie.

7.1.2 Bekendstelling van die lesers (1:1b)

λαχοῦσιν(1:1) en πίστιν (1:1) kan die kenmotief dra.

7.1.3 Die seën (1:2)

Die woord ἐπιγνώσει (1:2) dra moontlik die kenmotief.

7.2 Woorde in die opsomming van die apostel se leer wat moontlik die kenmotief dra

7.2.1 Historiese gedeelte (1:3-4)

In 1:3-4 gebruik Petrus ἐπιγνώσεως (1:3) en γένησθε (1:4) wat die kenmotief kan dra.

7.2.2 Aanmoedigingsgedeelte (1:5-10)

In die aanmoedigingsgedeelte word die volgende woorde gebruik waardeur die kenmotief moontlik na vore gebring word:

- * Πίστει (1:5).
- * Γνώσιν/γνώσει (1:5,6).
- * Ἄργους (1:8).
- * Τυφλός (1:9).
- * Μυωπάζων (1:9).
- * Λήθην (1:9).
- * Λαβών (1:9).
- * Βεβαίαν (1:10).
- * Ἐκλογὴν (1:9).

7.2.3 Eskatologiese gedeelte (1:11)

Daar word in die eskatologiese gedeelte geen woorde gebruik wat die kenmotief dra nie.

7.3 Woorde wat moontlik die kenmotief dra in die doel van die skrywe (1:12-15)

7.3.1 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die opsomming van die leer van die apostel (1:12)

Die volgende woorde wat moontlik die kenmotief dra, kom in 1:12 voor:

- * Ὑπομνήσκειν.
- * Εἰδότης.
- * Ἐστηριγμένους.

7.3.2 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die naderende dood van die apostel (1:13-14)

Petrus gebruik die volgende woorde waarin die kenmotief moontlik na vore tree in 1:13-14:

- * Ἠγοῦμαι (1:13).
- * Ὑπομνήσει (1:13).
- * Εἰδώς (1:14).
- * Ἐδηλωσέν (1:14).

7.3.3 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die valse leraars (1:15)

Μνήμην in 1:15 dra moontlik die kenmotief.

7.3.4 Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die spotters (3:1-2)

Petrus gebruik in 3:1-2 die woorde ὑπομνήσει (3:1), διάνοιαν (3:1) en μνησθῆναι (3:2) wat die kenmotief kan dra.

7.4 Woorde wat moontlik die kenmotief dra in die fundering van die gesag van die apostel (1:16-21)

7.4.1 Nie op menslike versinsels gefundeer nie (1:16a)

In 1:16a gebruik Petrus twee woorde wat moontlik die kenmotief dra, te wete σεσοφισμένοις en ἐγνωρίσαμεν (1:16).

7.4.2 Gefundeer op dit wat die apostels tydens die verheerliking gesien en gehoor het (1:16-18)

In 1:16b-18 kom die volgende woorde voor wat, moontlik die kenmotief na vore bring:

- * Γενηθέντες (1:16).
- * Λαβών (1:17).
- * Εὐδόκησα (1:17).
- * Ἰκούσαμεν (1:18)

7.4.3 Gefundeer op die profetiese woord (1:19-21)

Die volgende woorde waarin die kenmotief moontlik na vore tree, kom in 1:19-21 voor.

- * Ἔχομεν (1:19).
- * Βεβαιότερον (1:19).
- * Ποιεῖτε (1:19).
- * Προσέχοντες (1:19).
- * Καρδίας (1:19).
- * Γινώσκοντες (1:20).
- * Γίνεται (1:20).
- * Θελήματι (1:21).

7.5 Woorde wat moontlik die kenmotief dra in die waarskuwing teen die valse leraars (2:1-22)

7.5.1 Die straf van die valse leraars en die redding van die vromes (2:1-10a)

In die gedeelte waarin Petrus die straf van die valse leraars en die redding van die vromes aan die orde stel, gebruik hy die volgende woorde wat moontlik die kenmotief dra:

- * Ἐγένοντο (2:1).
- * Λόγοις (2:3).
- * Κρίμα (2:3).
- * Κρίσιν (1:4).
- * Τεθεικώς (1:6).
- * Ἄκοῦ (2:8).
- * Ψυχὴν (2:8).
- * Οἶδεν (2:9).
- * Πειρασμοῦ (2:9).
- * Κρίσεως (2:9).

7.5.2 Die wandade van die valse leraars en hulle oordeel (2:10b-16)

In 2:10b-16 kom die volgende woorde voor wat moontlik die kenmotief dra:

- * Ἄλογα (2:12).
- * Ἄγνοοῦσιν (2:12).
- * Ἡγοῦμαι (1:13).
- * Ἀπάταις (2:13).
- * Ὀφθαλμοῦς (2:14).
- * Ἀστηρίκτους (2:14).
- * Καταλείποντες (2:15).
- * Ἐπλανήθησαν (2:15).
- * Παραφρονίαν (2:16).

7.5.3 Ἡ Finale waarskuwing teen die valse leraars (2:17-22)

Die volgende woorde wat moontlik die kenmotief dra, kom in 2:17-22 voor:

- * Πλάνη (2:18).
- * Ἐπιγνώσει (2:20).
- * Γέγονεν (2:20).
- * Ἐπεγωκέναι (2:21).
- * Ἐπιγνοῦσιν (2:21).
- * Ὑποστρεψαί (2:21).

7.6 Woorde wat moontlik die kenmotief dra in die gedeelte oor sekerheid van die Here se koms (3:4-18a)

7.6.1 Die koms van die spotters en hulle standpunte (3:3-4)

In 3:3-4 dra die woorde γινώσκοντες (3:3) en ἐλεύσονται (3:3) die kenmotief.

7.6.2 Weerlegging van die spotters se standpunte (3:5-8)

Wanneer Petrus die spotters weerlê, gebruik hy die volgende woorde wat moontlik die kenmotief na vore bring:

- * Λανθάνει (3:5).
- * Θέλοντας (3:5).
- * Συνεστῶσα (3:5).
- * Λόγῳ (3:5).
- * Κρίσεως (3:7).
- * Λανθανέτω (3:8).

7.6.3 Leiding aan die lesers aangaande die verloop van tyd voor die belofte oor die koms van die Here uitgevoer word (3:9-13)

In die gedeelte waarin Petrus aan die lesers leiding gee aangaande die verloop van tyd voor die belofte van die Here uitgevoer word, wend hy die volgende woorde aan wat moontlik die kenmotief dra:

- * Ἠγοῦνται (3:9).
- * Βουλόμενος (3:9).
- * Ἀπολέσθαι (3:9).
- * Χωρήται (3:9).
- * Εὐρεθήσεται (3:10).
- * Προσδοκῶντας (3:12).
- * Καινοὺς/καινήν (3:13).
- * Προσδοκῶμεν (3:13).

7.6.4 Ἐn Gevolgtrekking aangaande die optrede en denke van die lesers in die lig van toekomstige gebeure (3:14-16)

In 3:14-16 bring die volgende woorde moontlik die kenmotief na vore:

- * Προσδοκῶντες (3:14).
- * Ἠγεῖσθε (3:15).
- * Σοφίαν (3:15).
- * Δυσνόητα (3:16).
- * Ἀμαθεῖς (3:16).
- * Ἀστήρικτοι (3:16).

7.6.5 Slot (3:17-18a)

In die slot van die brief bring Petrus die kenmotief moontlik na vore deur die gebruik van die volgende woorde:

- * Προγινώσκοντες (3:17).
- * Πλάνη (3:17).
- * Συναπαχθέντες (3:17).
- * Γνώσει (3:18).

7.7 Woorde wat moontlik die kenmotief dra in die lofprysing (3:18b)

In die lofprysingsgedeelte van die brief kom daar geen woorde voor waarin Petrus die kenmotief na vore bring nie.

8. Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat woorde wat moontlik die kenmotief dra, in bykans al die gedagte-eenhede en kleiner gedagte-eenhede van die brief voorkom. Dit blyk dus sinvol te wees om die kenmotief, soos dit in die onderskeie gedagte-eenhede en kleiner gedagte-eenhede voorkom, te ondersoek.

Hoewel die slot van die brief (3:17-18a) as slot van die hele brief dien, is dit duidelik dat dit baie nou aansluit by die dinge wat Petrus in 3:3-16 aangaande die sekerheid van die Here se koms bekend gemaak het. Die slot van die brief word daarom saam met die gedagte-eenheid oor die sekerheid van die Here se koms in behandeling geneem.

Dit blyk dat daar in die lofprysingsgedeelte geen woorde voorkom wat die kenmotief dra nie en dat die kenmotief ook nie implisiet na vore gebring word nie. Daar word daarom nie verder aandag gegee aan die kenmotief in die lofprysingsgedeelte in 3:18b nie.